**Saterdag 6 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 1:1-14**
**Fokusgedeelte: Hooglied 1:2**

**Die liefde tussen ’n man en vrou is brandend – soos God se liefde vir sy kerk**

Van begin tot einde handel die boek Hooglied oor die verwondering van die liefde tussen ’n man en ’n vrou. Dwarsdeur die boek hoor ons van die man en vrou se fisiese aangetrokkenheid tot mekaar. Die man en vrou smag na mekaar, en dit word uitgedruk met verskeie pragtige (en eksplisiete) beelde.

Dit hoor ons ook in ons Skrifgedeelte: die vrou smag daarna dat die man haar moet soen, en verklaar dat sy liefde beter is as wyn (Hoogl. 1:2); sy verklaar dat hy lekker ruik, en dat sy naam vir haar lieflik is (Hoogl. 1:3); sy het ’n intense begeerte om by hom te wees (Hoogl. 1:4); sy hoop hy sal dink sy is mooi (Hoogl. 1:5-6); sy smag om te weet waar hy is (Hoogl. 1:7); hy beskryf haar as die mooiste van alle vroue (Hoogl. 1:8-11); sy bedwelm hom en hy haar (Hoogl. 1:12-14). Die seksuele ondertone is duidelik.

Mens wonder aanvanklik hoekom ’n boek soos hierdie in die Bybel is. Die antwoord is eenvoudig: Hooglied verkondig aan ons die mooie van die brandende liefde tussen ’n man en ’n vrou. Dit bied ’n belangrike korrektief op enige verkeerde persepsies wat ons dalk mag hê oor seksuele liefde. Seksuele liefde tussen ’n man en ’n vrou binne die huwelik is goed en mooi en brandend – dit is hoe dit deur God geskep is. Daarom kan en moet hierdie brandende liefde ook binne die huwelik geniet word as ’n gawe van God.

Hierdie liefde tussen ’n man en vrou getuig ook van God se brandende liefde vir sy kerk. God se liefde vir sy kerk is só groot dat Hy die grootste moontlike prys betaal het om sy kerk los te koop: sy Seun. Hoe meer ons dit besef, hoe groter sal ons verwondering en aanbidding wees.

*Sing: Psalm 45-1:9, 15*

*Prof. AJ Coetsee (Albert) (TSP)*